Wim en Tobie meld aan vir diens

Wim en Tobie sal binnekort by die Makhado-lugmagbasis vrygelaat word om wildgetalle onder beheer te bring. | FOTO: HESC

Dale Hes

Die probleem van wild op die aanloopbaan van die Makhado-militêre lughawe by Louis Trichardt is nou in die hande - of eerder kloue - van Wim en Tobie.

Dié lughawe, wat geleë is in 'n 2 000 ha-wildreservaat in Limpopo, ervaar daagliks probleme met wild soos rooibokke en wildebeeste wat op die aanloopbaan wei en 'n veiligheidsrisiko inhou.

Maar daarvoor is die hulp van Wim en Tobie - twee jagluiperdmannetjies - nou ingeroep.

Die Hoedspruit Endangered Species Centre (HESC) gaan binnekort vir Wim en Tobie, twee jagluiperdmannetjies, loslaat om te doen wat natuurlik kom.

"Die wild in die reservaat het al gewoond geraak aan die geraas van die vliegtuie en is nie meer bang om op die aanloopbaan te wei nie. Hierdie is die natuur se manier om wildgetalle te beheer," sê Karen Swiegers, onderbestuurder van die HESC.

Wim en Tobie is onderskeidelik in 2008 en 2009 gebore by die die HESC. Hulle is aan mekaar voorgestel toe hul sewe maande oud was en is sedertien onafskeidbaar.

Hulle sal vir 'n maand in 'n boma bly om gewoond te raak aan hul nuwe tuiste.

Swiegers sê die twee het wel nog nooit voorheen gejag nie, maar hul instink sal gou vlam vat. "Na verwagting sal die twee jagluiperds naby aan die aanloopbaan bly, want dit is 'n oop gebied. Hulle is slim genoeg om weg te bly van vliegtuie. Ander diere sal dus verhinder word om naby die aanloopbaan te kom."

Die idee is nie om die wild uit te dun nie, maar om die diere op 'n natuurlike wyse te beheer.

Jagluiperds is die beste roofdiere vir hierdie taak, aangesien leeus te groot is en 'n gevaar vir mense en luiperds sal inhou.

"Wyfie-jagluiperds is ook alleenlopers, maar as hulle 'n dier naby die aanloopbaan gejag het, sal hulle die halfgevrete karkas net daar los, wat selfs meer diere sal lok. Mannetjie-jagluiperds vorm bande met mekaar en jag dus meer doeltreffend en vreet die hele karkas," sê Swiegers.

Lt.-kol. Francois van Zyl, waarnemende bevelvoerder van die Makhado-lugmagbasis, sê: "Almal op die basis is baie opgewonde, veral die kinders wat hier woon. Ons sal seker maak die jagluiperds word fyn dopgehou en veilig bewaar."